U is welkom om die Bybelstudie in u gemeente te gebruik lostaande of as 'n eenheid. Die Bybelstudie gaan oor lidmaatbemagtiging en werk deur die hoofstukke van Handelinge met hier en daar verwysings na ander gedeeltes in die Bybel

Verander gerus die formaat soos dit vir u konteks of situasie pas!

BYBEL BLOKTYD

40 DAE VAN VERDIEPING

Goddelike *Rimpels*

wat

menslike *rimpels*

word!

TYDPERK

Sondag 27 Julie tot Sondag 7 September

om 18:00 in die saal en elke Woensdag

10:00 of 19:00 in die konsistorie net vir 'n uur.

Bellville Uitsig Gemeente

2008

AAN ELKE MEDE-REISIGER IN DIE GELOOF

Gelowiges is "gestuurdes" met 'n spesifieke roeping!

Wat 'n wonderlike voorreg! God is by uitnemendheid die God wat stuur! Johannes 3:16 "Want so lief het God die wêreld gehad dat hy Sy enige gebore Seun GESTUUR het...!" In Matteus 28 word ons ook gestuur!

Ons ken almal Hd 1:8 waar ons ook bekragtig en toegerus word met die Heilige Gees vir ons roeping as gestuurdes!

Die wese van die Kerk is dat elke lidmaat waar hy ookal geplant is, 'n verskil behoort te maak in sy omgewing.

"Waar die gelowige geplant is – Daar blom hy/sy vir God se Koninkryk!" Ons siele is gerat en gestuur om rimpels te maak.

Ons is gekoppel aan die Wynstok (Jesus), en daarom kan ons nie anders as om vrug te dra nie! (Joh 15). Die goeie nuus is dat die Heilige Gees ons daarmee help.

U word genooi as gelowige om vir 40 dae in **u stiltetyd saam te dink**, saam te gesels en te bid, oor u roeping en gestuurdheid in hierdie wêreld.

Kan dit wees dat die ware betekenis en sin van die mens se lewe opgesluit lê in 'n besondere geloofsroeping waarmee elke gelowige geroep is?

As gelowiges ervaar en vier ons die lewe op 'n unieke manier - in gemeentewees, maar ook dáár waar die Here ons geplaas het. Ons kan daadwerklik rimpels maak omdat die Here ons instaat stel om uit dankbaarheid, 'n lig vir die wêreld en sout vir die aarde te wees by ons werkplek en ook in ons familie- en huwelikslewe. Ons as geloofsgenote is familie in Christus! Dit stel ons instaat om op 'n besondere manier op enige persoon wat ons pad kruis, 'n impak te maak. **Goddelike Rimpels word menslike rimpels!**

Kom reis saam en ervaar "reisgenade" vir die volgende 40 dae..!

Francois - Augustus 2008 Navrae: Skakel 082 781 6854

Soek u 'n boekie? Kontak die kerkkantoor 021 919 4220

40 DAE VAN VERDIEPING - DAG 1

Sondag 27 Julie 2006 18:00 in die Saal

INLEIDING

Die Heilige Gees is die Een wat ons inspireer en energeer!

Die Krag van die Heilige Gees bring 'n bepaalde nuanse, tekstuur en kleur aan getuienis- en rimpelprosesse in 'n gelowige se lewe.

Dink 'n oomblik na en bespreek die volgende stellings in die groep:

- Die Heilige Gees werk nie met mag en mening nie?
- Dit werk dikwels nie triomfantelik en ooglopend nie?
- Die Heilige Gees beweeg en bekragtig mense dikwels in stilwees en luister?
- Dit bring kreatiwiteit en doelgerigtheid?
- Dit bring verwondering en misterie?
- Dit dra nie die sweem van mag en mening, ruheid en 'n reg nie?

Watter een van bogenoemde stellings tref jou die meeste en hoekom?

Gebed: Here – Ek stel my oop vir U GEES! Deurdrenk en deurwaai my! Amen.

WORD STIL OP JOU EIE - DAG 2

Maandag 28 Julie – Sensitief vir die Gees

Lees Hand 1 - Kyk of jy die volgende vind en watter van hierdie gedagtes tref jou die meeste?

Heilige Gees bevele, onbetwisbare bewyse, verskeie geleenthede, dinge van die Koninkryk, die gawe wat die Vader belowe het, julle sal krag ontvang, julle sal my getuies wees, Hy sal net so terugkom, almal eensgesind volhard.

Gebed: Here maak my vandag sensitief vir U Gees. Amen

WORD STIL OP JOU EIE - DAG 3

Dinsdag 29 Julie – Die effek van die Woord en Gees!

Lees Hand 2 – Lees die hele hoofstuk.

Wat beteken verse 17b-18; 22; 24b; 33; 36; 37b en 42 vir jou?

Gebed: Here, ek wil my toelê op U Woord! Help my. Amen

40 DAE VAN VERDIEPING - DAG 4

Woensdag 30 Julie 10:00 of 19:00 in die konsistorie

Die krag van die Heilige Gees dui baie keer op eenvoud en nederigheid.

Bespreek die volgende stellings in julle groep:

Die Heilige Gees is werksaam:

- In die aandwindjie?
- In die aanraking van 'n gelowige en ook 'n medemens?
- In die kwaliteit tyd wat ons saam met 'n medemens spandeer?

Die gelowige is dikwels maar net:

- Die kabel waardeur die krag van die Heilige Gees vloei?
- Die suurstofpyp waarlangs die suurstof van die Heilige Gees loop?
- Die ink wat die boodskap van die Heilige Gees vertoon?
- Die fotostaat wat 'n afdruksel is van die Gees?
- Die plastieksak wat die verrassing van die Heilige Gees dra?

Rimpels van medemenslike liefde en die rimpel van medemenslike deernis, diensbaarheid en begrip kry eers daadwerklik stukrag en ware betekenis as dit deurdrenk is met Sy Gees? Hoekom?

Gebed: Heer, dat U my in U plan wil gebruik vul my met verwondering. Amen

WORD STIL OP JOU EIE - DAG 5

Donderdag 31 Julie – Vroomheid?

Lees Hand 3: Wat wil vers 12 en 16 vir ons sê oor vroomheid?

Gebed: Heer, help ons ontdek waar ons ware krag lê. Amen

WORD STIL OP JOU EIE - DAG 6

Vrydag 01 Augustus – Rimpels deur en van eenvoudige mense.

Lees Hand 4: Wat beteken vers 12-13,16,19,24,29,32-33 & 36 vir jou? **Gebed:**Heer, gee my vrymoedigheid om oor U te praat. Amen

STIL WORD OP JOU EIE - DAG 7

Saterdag 02 Augustus – Mense werk en God se werk!

Lees Hand 5: Hoe verras verse 29-41 vir jou? **Gebed:** Dankie o Heilige Gees dat U ons help met gehoorsaamheid. Amen

40 DAE VAN VERDIEPING - DAG 8

Sondag 3 Augustus 18:00 in die Saal - 'n Christen gelowige is bekragtig en word ge-energeer deur die Heilige Gees.

Getuienis gaan oor die geïnspireerheid van ons lidmate?

Kies 'n stelling en deel met jou groep hoekom jy dit gekies het? OF Julle kan ook die vrae in hakies na elke stelling bespreek.

- Jesus praat in Hd 1:8 van "krag" wat ontvang word. Die soort "krag" is besondere geestes- en sielskrag wat ook verbindingslyne het met Jesuskrag, dunamiskrag, opwekkings-, opstandings- en dinamietkrag.
  (Ervaar jy die soort van kragte?)

- Dit is die geestes- en sielskrag vanuit 'n Bron (Die Drie Eenheid), wat vloei en deurvloei en wat bloot gekanaliseer word deur vrugdraende gelowiges. Joh 15 - Jesus die Wynstok en ons die lote en Gal 5:22 Vrugte van die Gees. (Watter gerusstelling lê in bogenoemde stelling?)
- Dit is troos- en deerniskrag, sensitiwiteitskrag veral in 'n tyd soos hierdie want die Heilige Gees se ander naam is Trooster! (Hoe dikwels het ons troos nodig in ons lewe?)

- Die gelowige is gerat in sy siel om 'n rimpeleffek in hulle gemeenskappe te maak. (Is dit waar of vals?)
- Die krag wat van die Heilige Gees ontvang word sit die bekragtiging- en die besielingsproses aan die gang. (Ervaar jy dit so...?)
- Die Heilige Gees inspireer gelowiges voortdurend dat hulle nie probleemgerig nie maar oplossings- en uitkomsgerig is en waarde toevoeg in oënskynlike vasgeloopte situasies. (Ervaar jy dit so...?) **Gebed:** Heer, laat my U krag op 'n verrassende manier in my lewe ervaar! Amen.

STILWORD OP JOU EIE - DAG 09 Maandag 4 Augustus

Lees Hand 6: Wat beteken dit om die wysheid van die Gees te ontvang? Vers 10 en 15. **Gebed:** Heer, ek verlang na U wysheid.

STILWORD OP JOU EIE - DAG 10 Dinsdag 5 Augustus

Lees Hand 7: Het jou geloof konsekwensies? Noem dit. **Gebed:** Heer, maak my getrou ten spyte van ongemak en beskuldigings!

40 DAE VAN VERDIEPING - DAG 11

Woensdag 6 Augustus 10:00 of 19:00 in die konsistorie

Hd 1:4-8

Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom

Iets om oor na te dink. (Groepsvrae)

1. Waarvoor moes die gelowiges wag in vers 4?
2. Wie het iets belowe in vers 4 en hoekom?
3. Wat beteken dit vir jou om in die naam van die Heilige Gees gedoop te wees?
4. Hoe werk die krag wat ons ontvang van die Heilige Gees? Vers 8

5. Hoe weet ek ek het die krag?

6. Maak die Heilige-Gees-krag 'n verskil in jou lewe? Indien wel wat is die rimpels wat dit maak in jou omgewing en sien ander dit raak?

Gebed: Here, bevestig deur 'n ander gelowige in my lewe, dat U deur my werk. Amen

STILWORD OP JOU EIE - DAG 12

Donderdag 07 Augustus – Teenstand.

Lees Hand 8: Wat gaan deur jou gedagtes as jy die volgende aanhalings hoor. Moord goedgekeur; hewige vervolging; uitmekaar gejaag maar hou aan getuig; uitroei; aandagtig luister; toorkunste verstom; die woord van God aanvaar; hande oplê; Gees ontvang; gesindheid teenoor God; verstaan jy wat jy lees?; uitlê.

Gebed: Heer, maak my getrou te midde van teenstand en gee my 'n leerbare gees. Amen

STILWORD OP JOU EIE - DAG 13

Vrydag 08 Augustus – Om te dink jy is reg.

Lees Hand 9: Paulus het gedink hy is reg en toe kom daar verdieping. Kan dit nog met ons gebeur vandag? **Gebed:** Heer, bevry my van my eie oortuigings en laat my U raaksien. Amen.

STILWORD OP JOU EIE - DAG 14

Saterdag 09 Augustus – Om insig te hê en dieper te kyk.

Lees Hand 10: Wat is die groot insig wat by Petrus deurbreek by vers 34-36? **Gebed:** Heer gee ons tog ware insig in U plan. Amen

40 DAE VAN VERDIEPING - DAG 15

Sondag 10 Augustus om 18:00 in die Saal

Matt 28:17-20

Gaan dan en wees 'n instrument wat rimpels maak!

Iets om oor na te dink. (Groepsvrae)

1. Kan 'n gelowige twyfel en aanbid op dieselfde tyd? Vers 17
2. Wat vind jy vertroostend in vers 18? Hoe werk dit as ons moedeloos is?
3. Watter 5 rimpelopdragte kry ons by vers 19 en 20.
4. Watter effek het dit in jou lewe dat jy in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees gedoop is?
5. Wat gaan deur jou as jy die laaste sin van die Matteusevangelie lees?

Gebed: Dankie Here dat ek weet U sal my nooit in die steek laat nie. Amen

STILWORD OP JOU EIE - DAG 16

Maandag 11 Augustus – Om God te verhinder

Lees Hand 11: Wat is tipiese dinge waarin ons die Here se werk kan verhinder (vers 17)? Watter soort rimpel lees ons van in vers 29?

Gebed: Here, help my om nie in die weg van U plan vir hierdie wêreld te staan nie. Help my om prakties 'n verskil te maak in ander mense se lewens. Amen.

STILWORD OP JOU EIE - DAG 17

Dinsdag 12 Augustus – Lyding ter wille van die evangelie.

Hand 12: As jy rimpels maak vir die Here betaal jy dikwels 'n prys. Wat het met die gemeentelede gebeur en met Jakobus, die broer van Johannes volgens vers 1 en 2? Kan jy onthou wanneer laas jy swaar gekry het omdat jy sterk vir Jesus se saak gestaan het? Waarop dui die gelowiges se woorde en reaksie:

Jy is mal! Vers 15

Dan is dit sy gees. Vers 15

Hulle was baie verbaas. Vers 16

Wat is die merkwaardige teenstelling tussen verse 23 en 24?

Gebed: Heer, maak my sterk wanneer die moeilike tye kom. Amen

40 DAE VAN VERDIEPING - DAG 18

Woensdag 13 Aug om 10:00 of 19:00 in konsistorie

1 Petr 4:7-11

Rimpels van diens!

Iets om oor na te dink. (Groepsvrae)

1. Watter twee eienskappe vra gebed volgens vers 7
2. Watter rimpeleffek het die liefde op sonde? Vers 8
3. Hoe verstaan julle die bedek van sondes in hierdie konteks?
4. Wat is die kenmerk volgens vers 10 van goeie bedienaars?
5. Wat bedien bedienaars graag en dink julle dit het 'n effek? Vers 10
6. Waar kom preek- en diensrimpels vandaan volgens vers 11?
7. Waarvoor moet die Here verheerlik word volgens vers 11? Noem praktiese goed.
8. Wat behoort aan die Here volgens vers 11? Wat sê dit van die rimpelkrag van gelowiges?

Gebed: Heer, ek verstaan ek is nie hier om gedien te word nie maar om te dien. Help my om dit te doen. Amen

STILWORD OP JOU EIE - DAG 19

Donderdag 14 Augustus – 'n Woord van bemoediging

Lees Hand 13: As jy hoofstuk 13 lees watter bemoediging (vers15b) put jy daaruit? **Gebed:** Heer dankie vir "die goeie boodskap" (32), ons juig dit toe! (48). Amen.

STILWORD OP JOU EIE - DAG 20

Vrydag 15 Augustus – Mense se reaksies op die evangelie

Lees Hand 14: Die een oomblik gewild (13,18), die volgende oomblik onder die klippe (19). Wat sê dit vir jou oor praktiese dissipelskap? **Gebed:** Heer, maak my iemand wat ander aanspoor vers 22. Amen

STILWORD OP JOU EIE - DAG 21

Saterdag 16 Augustus – Menings verskille en verwarring

Lees Hand 15: Hoe volgens hierdie gedeelte behoort verwarring en meningsverskille tussen gelowiges uitgesorteer te word?

Gebed: Heer, help my om ook te luister na die stem van ander gelowiges om my. Amen

40 DAE VAN VERDIEPING - DAG 22

Sondag 17 Augustus om 18:00 in die Saal

Rm 12:3-21

Die gelowige is in 'n span ingebind om te rimpel.

Iets om oor na te dink. (Groepsvrae)

1. As jy die genade wat jy in jou lewe ontvang besef? Watter uitwerking het dit op jou lewe volgens vers 3
2. Wat is die voordeel om verskillend te wees? Vers 4 en 5
3. Wat is die voordeel om dieselfde te wees?
4. Hoeveel gawes kan julle identifiseer in die gedeelte?

5. Watter gawe is van toepassing op die lede van die groep waarin jy op die oomblik bevind?
6. Watter rimpeleffek kan dit hê in julle gemeenskap as julle 5 van die gawes in die gedeelte prakties implimenteer? Sal julle as 'n span 'n verskil kon maak?

Gebed: Heer, dankie vir verskillende gawes en dat ons te midde van ons andersheid saam tog 'n groot verskil kan maak. Amen

STILWORD OP JOU EIE - DAG 23

Maandag 18 Augustus – Wat moet ek doen om gered te word?

Lees Hand 16: Maak mense vandag nog geld uit mekaar? Wat is die gevaar? Vers 16-24.Waarom dink jy het Paulus en Silas gesing en watter rimpel het dit gemaak? Vers 25

Gebed: Heer, laat my sing al word ek ook onbillik behandel. Amen

STILWORD OP JOU EIE - DAG 24

Dinsdag 19 Augustus – Verontwaardig (16) en onkunde (30)

Lees Hand 17: Hoekom dink jy het die Jode afgunstig geword in vers 5? Wattter gedagte tref jou die meeste in vers 16-33? As net 'n paar mense reageer in die geloof maak dit jou moedeloos? (34)

Gebed: Heer laat my aanhou rimpels maak vanuit u Woord ongeag die resultate en hoe mense daarop reageer. Maak van my 'n saaier van die Woord en maak my getrou om U Woord te bestudeer en daaroor verwonderd te wees. Dankie dat ek weet dat U self U Kerk bou en U Koninkryk laat kom dikwels op 'n vreemde manier ten spyte van verontwaardiging en onkunde van mense. Amen

40 DAE VAN VERDIEPING - DAG 25

Woensdag 20 Aug om 10:00 of 19:00 in konsistorie

1 Kor 12:2-30

Die gelowige het elkeen 'n unieke rimpel tot voordeel van almal.

Iets om oor na te dink. (Groepsvrae)

1. As julle in die groep sê: "Jesus is die Here!" In watter verhouding staan julle dan met die Heilige Gees volgens vers 3
2. Vers 4-7 Watter drie persone bly dieselfde ten spyte van die verskillende gawes?
3. Watter invloed het die Gees op gelowiges? Vers 7-11
4. Wat leer jy uit verse 12-13 oor eenheid en samehorigheid?
5. Wat dink julle is die implikasies dat ons "almal van die een Gees deurdrenk" is? Vers 13
6. Wat leer julle van uniekheid en verhoudinge in verse 14-25?
7. Watter troos bring vers 26?
8. Wat is die allerbeste genadegawe wat almal moet hê? Vers 31 en 1 Kor 13

Gebed: O Goddelike Gees, dankie dat ek weet en kan bely dat U by my is en my bewus maak dat U op die oomblik 'n werklikheid in my lewe is. Amen

STILWORD OP JOU EIE - DAG 26

Donderdag 21 Augustus: Moenie bang wees nie – Hou aan met verkondig en leer! (9)

Lees Hand 18: Dink jy gelowiges word genoegsaam in ons gemeente ondderrig in die Woord? (6,5,9,11,24-26 & 28)

Gebed: Heer, gee ons 'n groter honger vir U Woord! Amen

STILWORD OP JOU EIE - DAG 27

Vrydag 22 Augustus – Woordkrag!

Lees Hand 19: Wat gaan deur jou as jy lees van "koppigheid" en "belaglikheid" vers 9? **Gebed:** Heer, U Woordkrag is vir my! (20)

STILWORD OP JOU EIE - DAG 28

Saterdag 23 Augustus – Elke gelowige 'n bemoediger!

Lees Hand 20: Preek/getuig/rimpels maak is om te bemoedig! Stem jy saam?(2, 11, 22-36) **Gebed:** Maak my 'n bemoediger!Amen

40 DAE VAN VERDIEPING - DAG 29

Sondag 24 Augustus om 18:00 in die Saal

Joh 13:1-17

Die gelowiges as voetewassers, dienswerkers en diensknegte.

Iets om oor na te dink. (Groepsvrae)

1. Wat is die kwaliteit van Jesus se liefde volgens vers 1
2. Wat tref jou van Jesus se houding en gesindheid in verse 2-5
3. Hoekom dink julle wou Petrus nie dat Jesus sy voete aanvanklik was nie. verse 6-8
4. Watter rimpel laat jy in die gemeenskap volgens Jesus se woorde in verse 12- 15?
5. Maak Jesus 'n onderskeid tussen soorte mense? Vers 16
6. Is daar 'n verband tussen die dinge wat jy weet en wat jy doen? Vers 17
7. As jy iemand se voete was watter rimpel stuur jy deur die samelewing?

Gebed: Heer, help my om te besef dat ek deur my dade rimpels maak! Amen

STILWORD OP JOU EIE - DAG 30

Maandag 25 Augustus – Gefokus en gedetermineerd!

Lees Hand 21: Wat tref jou in Paulus se belydenis in vers 13? Om in te buig onder die "Here se wil" (14), is nie altyd maklik nie. Hoekom nie?

Gebed: Here help my om met oorgawe U te dien en om nie te huiwer om vir U rimpels te maak nie, al kos dit wat. Amen

STILWORD OP JOU EIE - DAG 31

Dinsdag 26 Augustus – Geroep en gestuur om rimpels te maak.

Lees Hand 22: Wat is dit wat dit vir jou swaar maak as mense nie jou getuienis oor Jesus wil verstaan of wil glo nie? Is dit goed dat gelowiges hulle roeping en gestuurheid in die wêreld hernu en vernuwe? Hoe kan hulle dit meer prakties doen?

Gebed: Here ek weet U het my geroep om 'n verskil te maak by my werk en my familie waar U my geplaas het. Help my om die regte rimpels te maak! Amen

40 DAE VAN VERDIEPING - DAG 32

Woensdag 27 Aug om 10:00 of 19:00 in konsistorie

Joh 15:1-8

Die gelowige as loot wat vrugdra is verbind aan die Wingerdstok. Rimpelmakers kry krag van iewers?

Iets om oor na te dink. (Groepsvrae)

1. Kan 'n gelowige op sy eie vrugdra en rimpels maak? Verse 1-4
2. Hoe weet ek ek is reggesnoei? Vers 3
3. Kan ek as gelowige iets doen sonder Jesus? Lees vers 5
4. Wat word van lote wat nie produktief is nie? Vers 6
5. Kan 'n gelowige alles kry wat hy in gebed vrae? Vers 7

Wanneer sal hy nie kry nie?

6. Hoe kan ons die Vader verheerlik volgens vers 8?

Gebed: Heer. Ek kan alleen in U krag vorentoe beweeg. Moet my asseblief nie aan myself oorlaat nie. Amen

STILWORD OP JOU EIE - DAG 33

Donderdag 28 Augustus – 'n Skoon gewete.

Lees Hand 23: Wanneer het 'n gelowige 'n skoon gewete? Wat beteken dit prakties as 'n gelowige gewy en in diens van God staan? (Vers 1). Wat dink jy het die woorde van vers 11 vir Paulus beteken?

Gebed: Ek wil hierdie tyd gebruik Here, om weer opnuut in alles wat ek doen, op U te fokus. Amen

STILWORD OP JOU EIE - DAG 34

Vrydag 29 Augustus – Die leer van Christus.

Lees Hand 24: Wat tref jou van vers 14, 15 en 21? Voer ons vandag nog debatte oor hierdie sake en hoe raak dit jou?

Gebed: Heer, help my om aan die evangelie en die blye boodskap van die opstanding, wat u vir ons geleer het vas te hou. Amen

STILWORD OP JOU EIE - DAG 35

Saterdag 30 Augustus – Twisvrae en die gevolge

Lees Hand 25: Watter twisvrae (19), berokken skade aan die kerk en sy boodskap vandag? Hoe dink jy moet die verskille hanteer word.

Gebed: Heer, help my om te midde van ons verskille op die wesenlike van die Bybelse boodskap nl U genade te konsentreer.

40 DAE VAN VERDIEPING - DAG 36

Sondag 31 Augustus om 18:00 in die Saal

Gal 5:22

Vrugte van die Gees wat rimpels maak.

Iets om oor na te dink. (Groepvrae)

1. Watter vrugte van die Gees is in julle groep teenwoordig? Noem aan mekaar in die groep watter vrugte julle by mekaar sien?
2. Wat beteken dit vir jou dat medegelowiges jou op 'n spesifieke vrug in jou lewe gewys het wat hulle by jou raaksien?
3. Watter verskil dink jy maak die vrugte van die Gees in 'n gemeenskap?
4. Watter 3 vrugte van die Gees tref jou die meeste en hoekom?

Gebed: Heer, help my om die kwaliteite in my medegelowige se lewe raak te sien en U daarvoor te eer. Amen

STILWORD OP JOU EIE - DAG 37

Maandag 01 September – Om die pad wat die Here met jou geloop het te verduidelik

Lees Hand 26: Kan jy 'n kort verhaal van een A4 bladsy skryf oor die pad wat die Here tot vandag toe met jou geloop het? Watter oomblikke in jou lewe weet jy het die Here wonderbaarlik ingegryp?

Gebed: Heer, U bemoeienis met my vul my met verwondering. Amen.

STILWORD OP JOU EIE - DAG 38

Dinsdag 02 September – Die gelowige en ontberinge

Lees Hand 27: Nadat jy Paulus se verhaal gelees het dink na oor die volgende vrae: Christen-wees is nie vry van ontberinge nie. Deur watter moeilike tyd het jy onlangs gegaan? Wat het jou staande gehou?

Gebed: Heer, wanneer die storms en onsekerheid in my binneste woed maak my bewus van U beloftes en U getrouheid. Hou my vas midde in my twyfel en my worsteling.

Amen

40 DAE VAN VERDIEPING - DAG 39

Woensdag 3 Sept om 10:00 of 19:00 in konsistorie

Joh 21:15-17

Rimpels van versorging en beskerming van die kudde.

Iets om oor na te dink. (Groepsvrae)

1. Wie dink julle is "die lammers" in vers 15?
2. Wat behels "die oppas" in vers 16?
3. Wie is die skape van vers 17?
4. Wat beteken dit om die lammers en die skape "te laat wei" in ons dag?
5. Hoekom dink julle vra Jesus drie maal vir Petrus of hy Hom liefhet?
6. Hoekom dink julle het Petrus gehuil?
7. Watter rimpels het Petrus na hierdie gesprek veroorsaak?
8. Hoe kan julle prakties rimpels maak tussen die lammers en die skape daar waar jy elke dag beweeg?

Gebed: Heer, help my om 'n gelowige te wees wat besorg is oor ander gelowiges en die uitbou van U Koninkryk! Amen

40 DAE VAN VERDIEPING - DAG 40

Sondag 6 September Nagmaal

09:00 in die Kerk – Vrymoedigheid...(31)

Ten slotte lees Hand 28: Is jy bereid om jou taak en roeping op te neem as gelowige en rimpels te maak? Is jy bereid om daar waar jy geplant is te blom vir Sy Koninkryk? (31)

Gebed: Here, hier is ek stuur my en gebruik my in my werk, in my familie. Gebruik my as U instrument vir elke persoon wat U oor my pad stuur. Amen.

DIENSBAARHEID EN ENTOESIASTIESE SPANWERK

Lees die volgende en beantwoord die vrae:

Die diepste verandering wat waarskynlik nog by meeste van ons moet plaasvind, is dat **Jesus se gesindheid van diensbaarheid** by ons moet wortel skiet. Hy het na hierdie wêreld gekom om te dien, en nie om gedien te word nie (Markus 10:45 en Joh 13).

So bestaan sy kerk ook in hierdie wêreld nie ter wille van hulleself nie, maar om waarlik diens te lewer aan 'n wêreld in nood. Per slot van sake is die kerk die enigste organisasie wat primêr ter wille van sy nie-lede bestaan!

Gelowiges wat met ywer Geesgedrewe lostrek om die Here met hulle gawes te dien, moet natuurlik altyd onthou dat niemand dit alleen op sy eie kan doen nie. Die liggaam is 'n sisteem. Alles wat in Sy Koninkryk gedoen word, is eintlik **spanwerk en liggaamswerk**. Na alles is ek net maar een deeltjie van Christus se liggaam en het ek die ander baie nodig. Ons is geroep en gestuur om vir mekaar te wees! Om saam vir mekaar en waar ons kom rimpels te maak!

Die liggaam kan eenvoudig nie anders werk as al die ledemate nie in goeie gees en gesindheid met mekaar saamwerk nie. **Goeie verhoudinge** is die belangrikste van alles. Waar daar liefdevolle verhoudinge is, is daar energie, entoesiasme en rimpels. So 'n geloofsgemeenskap druk sy stempel af waar hulle ookal kom!

Verwagtinge en vrae vir die pad vorentoe?

Dink jy om bogenoemde te bereik is maklik?

Wat het jy opnuut weer geleer van jouself en van gemeentewees die afgelope 40 dae?

Dink jy dat die afgelope 40 dae jou nader gebring het aan jou roeping as gelowige? Hoe weet jy dit?

Wat was vir jou 'n hoogtepunt van die 40 dae van verdieping?

Wat is die een boodskap wat jy vir medegelowiges wil gee wat nie die 40 dae van verdieping ervaar het nie?

Gebed: Onse Vader – Ons het die laaste 40 dae nog meer "reisgenade" uit U hand ontvang. Dankie daarvoor! Amen.

Dankie dat jy die laaste 40 dae saam gereis het.

Mag die Here jou seën.

Francois Swart.